
# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (46/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

*Justin Chadwick 16 November 2018*

***"I start with the premise that the function of leadership is to produce more leaders, not followers" Ralph Nader***

## 2018 VALENCIA SEISOEN OORSIG




Die rekord Valencia-oes verskaf aan Suider-Afrika se sitrus-uitvoerders 'n volledige reeks van rekords in terme van volumes wat vir uitvoer gepak en goedgekeur is. Die finale syfer van 54 miljoen kartonne wat gepak is, is effens hoër as 2017 se 53,8 miljoen. Die Valencia Fokusgroep het uitstekende werk gedoen met die skatting van die finale volume van wat gepak kan word (nadat hul in 2017 oor die vingers getik is) - met die werklike paksyfer wat net 1% bo die aanvanklike skatting van 53.9 miljoen kartonne is.

Ter illustrasie van die voordeel van wye geografiese verspreiding van sitrusverbouing in Suider-Afrika - terwyl sommige streke groot afnames in volumes teenoor die oorspronklike skatting aangeteken het, het ander streke vir die afname opgemaak deur meer as die skatting te pak – en sodoende kon aan die vereistes van die invoerders voldoen word. Van die groter Valencia-streke, het die Kaap (Oos en Wes) die grootste afnames ondervind weens die droë toestande – Sondagsrivier se 5.4 miljoen kartonne wat gepak is, was 23% minder as die geskatte 7 miljoen - en effens laer as 2017 se 5,9 m. Wes-Kaap op 3,9 m was 15% minder as die geskatte 4,6 m (en aansienlik laer as 2017 se 4,9 m). Hoedspruit op 5.4 m was 7% af van die geskatte 5.8m (en minder as 2017 se 6.2m), terwyl Letsitele op 14.6m, 4% minder as die geskatte 15.2m was (2017 14m). Die toename in Senwes het vir die tekort opgemaak - van 5,9 m in 2017 is daar geskat dat die streek tot 6m sal styg, maar uiteindelik was dit 7.9 m, wat 32% meer as die skatting was.

Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA

## BRASILIË

Verlede week het ek die voorreg gehad om 'n Internasionale Seminaar in Sao Paulo, Brasilië, wat deur die OECD vrugte- en groenteskema gereël is, toe te spreek. Terwyl ek in Brasilië was, het ek die geleentheid gehad om die sitrusbedryf in die provinsie Sao Paulo te besoek. Hier is iets van dit wat ek geleer het:

- Brasilië is met 'n goeie klimaat vir landbou geseën - dit is die wêreldleier in die produksie van suikerriet, koffie en lemoene: nommer 2 in beesvleis en sojabone en 3 in mielies. Brasilië produseer byna 20 miljoen ton lemoene - en voer slegs ongeveer 100 000 ton uit. Ongeveer 90% van die lemoene word geprosseseer.
- Boerdery vir sap is baie, baie anders as om vir vars vrugte vir gebruik te boer. Brasilië het 'n paar van die mees verwoestende sitrussiektes - Asiatiese Vergroening (HLB) en Kanker. Bykomend het hulle ook sitrus swartvlek (CBS). Die fokus van die navorsing en produksiepraktyke in Brasilië is nie om die siekte uit te roei of siektevrye vrugte te produseer nie. Die doel is om die vrugte op die boom te hou tot die vrugte ryp is en genoegsame sap van 'n aanvaarbare gehalte bevat.
- Een oplossing is die skepping van buffersones rondom die grens van die plase; hierdie buffersones is met sitrusbome geplant en ontvang die volledige behandeling vir die bladvlooie. Soos bome met vergroening besmet raak, word hulle vervang sodat die buffersone in plek kan bly. Dit was opvallend dat bome wat binne die buffersone groei, gesond lyk en in goeie produksie is.
- Met 'n besoek aan Fundecitrus in Araranquera, was dit duidelik dat hulle 'n paar briljante, jong denkers het wat op hul navorsing werk. Daar is 'n noue verhouding met CRI in Suid-Afrika, en Suid-Afrikaanse sitrusnavorsers word hoog geag.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 45 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.8 m | 15.7 m | 18.7 m | 15.4 m | 18.1 m | 16.8 m | 18.7 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 12.2 m | 13.4 m | 16.1 m | 13 m | 15.9 m | 14.7 m | 16.1 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 15 m | 19 m | 19.8 m | 18.8 m | 19.3 m | 20.6 m | 19.8 m | 19 m |
| Nawels | 26.2 m | 21.1 m | 26.6 m | 21.1 m | 26.3 m | 25.7 m | 26.6 m | 21.1 m |
| Valencias | 42 m | 53.8 m | 54 m | 52.9 m | 52 m | 53.9 m | 54 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **109.2 m** | **123 m** | **135.2 m** | **120.9 m** | **131.6 m** | **131.7 m** | **135.2 m** | **123 m** |



CGA CITRUS SUMMIT
Grow the Future Together
Balancing growth and inclusivity
12 - 14 March 2019
Proudly sponsored by Standard Bank